

## Janus

Die Romeinse god Janus word meestal voorgestel met 'n gesig aan weerskante van sy kop. Hy kan dus gelyktydig in twee rigtings kyk, en dit was die inspirasie vir hierdie “speletjie” of “oefeninkie”.

Ek het verskeie kere al gesê dat 'n mens binnekort Engels sal moet ken om Afrikaans te kan verstaan. Lesers kan gerus kyk hoeveel (meestal gekamoeifleerde) Engels hulle in die eerste stukkie opmerk voordat hulle dit met die meer tradisioneel idiomatiese tweede stukkie vergelyk.

### *Kyk een kant toe*

So staan ons klomp toe die Saterdagmiddag by die vuur en praatjies maak toe die ref die game begin doodblaas. Dis veral oor die goed wat ons nie meer mee kan deel nie dat ons so staan en praat. Jan sê siende dat daar geen meer kundiges is wat al die probleme in die stelsel kan aanvat nie, dit is geen wonder dat die regering nie die ekonomie kan groei nie. Hy sê ons kan doen met 'n sterk leier wat met al die loodswaaiers kan wegdoen.

Toe Koos sê hy moet dan maar self inspring en mense oplei, laat hoor Jan: “Ek doen, ek doen, maar op die einde van die dag kan ek myself dit nie alleen aftrek as die regering dit vir my so moeilik maak om my onderneming suksesvol te hardloop nie. Ek gaan eventueel in die skuldhof opeindig,” kla hy, “en dit wil ek ten alle koste vermy.”

Piet kla weer dat sy seunskinders smôrens wil inlê en kom hulle nie met die melkery help nie. Hy wil hê hulle moet die alarm stel, maar hulle druk glo net die ding dood en slaap verder. Hy dink dis vandat Kleinpiet en Klaas met hulle nooit opgebreek het. Piet sê hy dink daar kan 'n brutale moord onder hulle neuse gepleeg word sonder dat hulle wakker word. Hy het al uit planne gehardloop, sê hy, en met dié dat hulle so inslaap, gaan hulle nog op baie dinge in die lewe uitmis, reken hy.

Toe my vrou uitkom en sê dis amazing ons is net 5 punte kort van 'n oorwinning, besluit ons ons kan tog nie al die land se probleme aanspreek nie en by verre die beste plan is om in te gaan en onself te geniet. Ons kan 'n dop steek en kyk of die ouens se wedstrydplan afkom. Dit sal awesome wees.

### *Kyk ander kant toe*

So staan ons klomp toe die Saterdagmiddag by die vuur en praatjies maak toe die *skeidsregter* die *wedstryd* begin doodblaas. Dis veral oor die goed wat ons nie meer kan *hanteer* nie dat ons so staan en praat. Jan sê *aangesien* daar *geen kundiges meer* is wat al die probleme in die stelsel kan *aanpak/takel* nie, *is dit* geen wonder dat die regering nie die ekonomie kan *laat groei* nie. Hy sê ons kan *baat vind by* 'n sterk leier wat *van* al die loodswaaiers *ontslae* kan *raak*.

Toe Koos sê hy moet dan maar self inspring en mense oplei, laat hoor Jan: “Ek *maak so / ek doen dit*, maar *op die ou end / ten slotte* kan *ek dit* nie alleen *regkry/vermag* as die regering dit vir my so moeilik maak om my onderneming suksesvol te *bedryf / bestuur* nie. Ek gaan *uiteindelik* in die skuldhof *beland / eindig*,” kla hy, “en dit wil ek *tot elke prys* vermy.”

Piet kla weer dat sy seunskinders smôrens *laat wil lê / laat wil slaap* en dat *hulle* nie met die melkery *kom help* nie. Hy wil hê hulle moet die *wekker* stel, maar hulle druk glo net die ding dood en slaap verder. Hy dink dis vandat Kleinpiet en Klaas met hulle nooit *uitgemaak* het. Piet sê hy dink daar kan 'n *wrede / wreedaardige* moord onder hulle neuse gepleeg word sonder dat hulle wakker word. Hy *het nie meer planne nie / is al raadop*, sê hy, en met dié dat hulle so *laat slaap*, gaan hulle *nog baie* dinge in die lewe *mis / misloop*, reken hy.

Toe my vrou uitkom en sê dis *ongelooflik* want ons *kort* net 5 punte *vir* 'n oorwinning / *om te wen*, besluit ons ons kan tog nie al die land se probleme *oplos* nie en *verreweg* die beste plan is om in te gaan en *dit / die wedstryd* te geniet. Ons kan 'n dop steek en kyk of die ouens se wedstrydplan *slaag*. Dit sal *wonderlik / skitterend* wees!

**JD (TOM) MCLACHLAN**

E-pos: [tommcl@whalemail.co.za](mailto:tommcl@whalemail.co.za)